


Bib

125/87

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

Insake die appèl van:



ADRIAAN MARTHINUS FRANCOIS DU PLOOY Appellant

en

SASOL BEDRYF (EIENDOMS) BPK Respondent

Coram: JOUBERT, VILJOEN, VAN HEERDEN, SMALBERGER ARR
et STEYN Wn AR.

Verhoor: 27 Augustus 1987

Gelewer: 30 September 1987

U I T S P R A A K

JOUBERT AR:

/Terwyl

Terwyl die appellant die geregistreerde eienaar van die plaas Goedgedacht West No 1693, groot 250, 1958 morge, geleë in die distrik Heilbron, was, het hy op 13 Maart 1974 'n skriftelike prospekterkontrak (Aanhangsel "A") vir 'n periode van 5 jaar vanaf 13 Maart 1974 met die respondent (hierna „Sasol" genoem) aangegaan. Op dieselfde datum het die weduwee Anna Francina Venter (gebore Viljoen voorheen du Plooy), die geregistreerde eienares van die plaas Hard-Op (n gedeelte van Goedgedacht) No 1694, groot 250, 1958 morge, geleë in die distrik Heilbron, 'n skriftelike prospekterkontrak (Aanhangsel "B") vir 'n periode van 5 jaar vanaf 13 Maart 1974 met Sasol aangegaan. Hierdie ^{twee} skriftelike prospekterkontrakte

/is

is mutatis mutandis gelykluidend. Na die oorlyde van weduwee Venter op 14 Augustus 1975 is haar plaas Hard-Op No 1694 op 4 Mei 1976 aan die appellant as haar erfgenaam getransporteer. Op 12 Februarie 1979 het die appellant en Sasol 'n skriftelike ooreenkoms tot verlenging van beide prospekteerkontrakte (Aanhangsel "C") vir 'n periode van 5 jaar vanaf 13 Maart 1979 aangegaan. Sedertdien het die appellant die oppervlakregte van beide plase met voorbehoud van die mineraalregte verkoop en getransporteer sodat hy kragtens Sertifikaat van Mineraalregte No K 746/1979 RM, geregistreer op 20 November 1979, die geregistreerde houër van die mineraalregte oor beide plase is.

/Die

Die relevante gedeeltes van die skriftelike prospekteerkontrak (Aanhangsel "A") waarin „eienaar" na die appellant, „prospekteerder" na Sasol en „eiendom" na die plaas Goedgedacht West verwys, lui soos volg :

„EN NADEMAAL die eienaar ingestem het dat die prospekteerder die reg sal hê om na steenkool te prospekteer en te soek, in en op die eiendom, en ook die reg en opsie besit om die eienaar se steenkoolregte in en op die eiendom aan te koop:

WORD DAAR NOU DERHALWE SOOS VOLG OOREENGEKOM:

- „1. Die eienaar gee en verleen hiermee aan die prospekteerder die enigste en uitsluitlike reg om na steenkool te prospekteer en te soek in en op die eiendom.
- „2. Genoemde prospekteerregte en die ander regte kragtens hierdie ooreenkoms toegeken (hierna gesamentlik die „prospekteerregte" genoem), sal n aanvang

/neem

neem op 13 Maart 1974 en sal vanaf daardie datum voortduur vir 'n tydperk van vyf jaar (hierna die 'prospekteer-tydperk' genoem), met dien verstande dat die prospekteerder geregtig sal wees om hierdie ooreenkoms te eniger tyd gedurende die prospekteer-tydperk te kanselleer deur 'n skriftelike kennisgewing aan die eienaar van minstens dertig (30) dae na welke tydperk hierdie ooreenkoms sal verval en van geen verdere waarde of krag sal wees nie.

- „3(a) As vergoeding vir die prospekteerrechte sal die prospekteerder die volgende prospekteergelde aan die eienaar betaal:-
- (i) Vir die eerste twaalf (12) maande van die prospekteertydperk teen R3-00 per morg.
 - (ii) Vir die daaropvolgende twaalf (12) maande teen R3-25 per morg.
 - (iii) Vir die daaropvolgende twaalf (12) maande teen R3-50 per morg.
 - (iv) Vir die daaropvolgende twaalf (12) maande teen R3-75 per morg.

/(v)

(v) Vir die daaropvolgende twaalf (12) maande teen R4-00 per morg.

(b) - - - - -

(c) Indien die prospekteerder versuim om die prospekteergelde voor of op die vervaldatum te betaal, moet die eienaar die prospekteerder skriftelik per vooruitbetaald geregistreerde pos kennis gee om genoemde prospekteergelde binne veertien (14) dae te betaal, by versuim waarvan hierdie kontrak onmiddellik sal verval en van nul en gener waarde sal wees en geen van die partye sal enige eis teen die ander party hê nie, maar die prospekteerder sal verplig wees om alle prospekteebedrywighede te staak en sy masjinerie binne 'n redelike tydperk te verwyder.

4. Gedurende die prospektee tydperk sal die prospekteerder die reg hê -

(a) Op vrye toegang tot, reg van weg oor, en uitgang vanaf die eiendom na en van die prospekteerder se werkplekke;

/(b)

- (b) Om boorgate te boor en/of putte en/of skagte te grawe;
- (c) Op soveel water uit bestaande bronne op die eiendom wat die prospekteerder redelikerwys mag benodig vir prospekteerdoeleindes en die huishoudelike gebruik van sy werknemers - - - - -
- (d) Om na water op die plaas te soek en dit te verkry deur te boor en/of putte te grawe en/of pompe of dergelike toerusting op te rig;
- (e) Op oppervlakregte op agt (8) hektaar, op sodanige plekke wat vir die prospekteerder gerieflik mag wees vir of in verband met sy prospekteerbedrywighede;
- (f) Om terwyl hierdie ooreenkoms geldig is sodanige erts, monsters of klippe van die eiendom te verwyder wat nodig of redelik mag wees vir toets - of essaiëeringsdoeleindes;
- (g) Om in die algemeen alle sodanige regte uit te oefen oor of onder die eiendom wat nodig mag wees of wat die wet

/toelaat

toelaat vir prospekteerdoeleindes.

„5. Die eienaar gee en verleen hiermee aan die prospekteerder die enigste en uitsluitlike reg en opsie (hierna 'die opsie' genoem) om te eniger tyd gedurende die prospekteertydperk alle steenkoolregte in en op die eiendom, of enige gedeelte of gedeeltes daarvan aan te koop en oordrag daarvan te neem teen tagtig rand (R80) per morg. Indien die prospekteerder die opsie slegs uitoefen ten opsigte van 'n gedeelte of gedeeltes, moet hy sodanige gedeelte of gedeeltes op 'n sketsplan aandui en moet sodanige sketsplan die skriftelike kennisgewing aan die eienaar dat genoemde opsie uitgeoefen word, vergesel.

„6. (a) - - - - -
(b) - - - - -

„7. Indien die opsie uitgeoefen word, moet die volgende klousules by die sessie van die steenkoolregte ingesluit word:

/(a)

- (a) Die prospekteerder is geregtig om te eniger tyd 'n totaal van hoogstens agt (8) hektaar van die oppervlak van die eiendom aan te koop teen 'n prys wat onderling bepaal sal word. Die ligging van genoemde gebied word deur die prospekteerder na beraadslaging met die eienaar bepaal;
- (b) Die koopprys van die steenkoolregte en die koopprys van die oppervlakregte, indien enige, is betaalbaar in kontant by die registrasie van sodanige steenkoolregte en/of oppervlakgebied in die naam van die prospekteerder. Die prospekteerder moet aan die eienaar 'n bankwaarborg vir sodanige koopprys gee - - - - -
- (c) - - - - -
- (d) Die prospekteerder mag spoorweë, paaie vervoerbande, pyp- en kraglyne onder of op die eiendom bou en oprig, en die prospekteerder moet aan die eienaar 'n bedrag, wat onderling bepaal sal

/word

word, per hektaar betaal vir die oppervlakgebied aldus gebruik;

(e) Die prospekteerder mag 'n dam op die eiendom bou, waarvan die ligging deur die prospekteerder na oorleg met die eienaar bepaal sal word, en die prospekteerder moet aan die eienaar 'n bedrag, wat onderling bepaal sal word, per hektaar betaal vir die gebied aldus gebruik. - - - -

(f) - - - - -

(g) - - - - -

(h) - - - - -

„8. - - - - -

„9. Die prospekteerder mag alle of enige van sy regte kragtens hierdie ooreenkoms aan enige maatskappy, sindikaat of persoon sedeer, oordra of andersins oormak, met dien verstande dat die prospekteerder die eienaar in kennis sal stel vandsdanige sedering of oordrag."

/n

in Geskil het tussen die partye ontstaan oor die geldigheid van die twee prospekteerkontrakte (Aanhangsels "A" en "B"). Op 1 Junie 1982 het die appellante se prokureur in skrywe aan Sasol gerig dat die prospekteerkontrakte nie aan die vereistes van die Wet op Formaliteite met betrekking tot die Koopkontrakte van Grond No 71 van 1969 voldoen nie „deurdat daar verskeie wesenlike bepalings in die prospekteerkontrak vervat is waarop nie ooreengekom is nie, maar wat oorgelaat word tot latere ooreenkoms tussen die partye“. Die verwysing na die wesenlike bepalings van die prospekteerkontrak slaan op klousule 7(a), (d) en (e). Sasol het nie hiermee saamgestem nie. Op 1 Maart 1984 het Sasol per aangetekende pos aan die

/appellant

appellant uit hoofde van klousule 5 van beide prospektee-
kontrakte kennis gegee dat hy sy reg uitoefen om die
steenkoolregte oor 'n gedeelte van Goedgeacht West No 1693
en 'n gedeelte van Hard-Op No 1694 teen R80 per morg aan
te koop. (Aanhangsels "I" en "I²"). Die wese van
Sasol se standpunt is dat die prospektee-kontrakte deel-
baar en derhalwe regsgeldig is. Vervolgens het die
appellant op 15 Januarie 1985 in die Oranje Vrystaatse
Provinsiale Afdeling aansoek om 'n verklarende bevel teen
Sasol gedoen dat die twee prospektee-kontrakte (Aanhangsels
"A" en "B") asook die verlengingsooreenkoms (Aanhangsel
"C") ongeldig is. Op 12 Desember 1985 het VAN COLLER R.

/die

die aansoek van die hand gewys met koste. Met verlof van die hof a quo kom die appellant tans in hoër beroep na hierdie Hof.

Die vraag is wat die effek van die opname in die twee prospekteerkontrakte van klousule 7(a), (d) en (e), waarvan die inhoud onvoltooid is deurdat dit eers deur latere ooreenkoms voltooi en bindend gemaak kon word, is. Volgens die appellant bevat klousule 7(a), (d) en (e) wesenlike bepalings wat eers deur latere ooreenkoms bindend gemaak kan word sodat die opname van klousule 7(a), (d) en (e) in die twee prospekteerkontrakte, wat aan die vereistes van art 1(1) van Wet No 71 van 1969

/moet

moet voldoen, meebring dat die twee prospekteerkontrakte
in toto ongeldig is. Sien Johnston v Leal, 1980(3)

SA 927 (A) op bl 939 E. Daarenteen volgens Sasol
kan klousule 7(a), (d) en (e) geskei word van die res
van die prospekteerkontrakte, d.w.s. hulle is deelbaar,
sodat die opname van klousule 7(a), (d) en (e) nie die
geldigheid van die res van die prospekteerkontrakte
pro tanto affekteer nie.

Om gemelde vraag op te los, is dit nodig om die
waarskynlike bedoeling van die partye, toe hulle met
mekaar gekontrakteer het, uit die prospekteerkontrakte
as geheel af te lei. Sien Vogel N O v Volkersz,

/1977

1977(1) SA 537 (T) op bl 548 F. Ek het reeds daarop
gewys dat die twee prospekteerkontrakte mutatis mutandis
gelykluidend is sodat die vertolking van een van hulle
ook vir die ander een geld. Gerieflikheidshalwe sal
ek Aanhangsel "A" neem waarvan ek reeds die relevante
gedeeltes supra aangehaal het.

In die aanhef van die prospekteerkontrak word
beweer dat die partye eenstemmigheid oor twee aangeleent=
hede bereik het, nl. dat:

(1) Sasol 'n reg sal hê om na steenkool in en op die plaas

Goedgedacht West No 1693 te prospekteer, en

(2) Sasol 'n reg sal hê om 'n opsie uit te oefen om die

/appellant

appellant se steenkoolregte in en op die gemelde plaas
aan te koop. Die res van die prospekteerkontrak
gaan dan daartoe oor om die besonderhede van hul ooreen=
koms te vermeld. Volgens die skema van die prospek=
teerkontrak blyk die volgende. Klousule 1 bevestig
dat die appellant aan Sasol die enigste en uitsluitlike
reg verleen om na steenkool in en op vermelde plaas te
soek. Dit beperk dus die prospekteerreg tot steenkool
en tot Sasol as die houer daarvan. Klousule 2 begin
deur na „Genoemde prospekteerregte" te verwys. Dit
kan in die konteks slegs na die prospekteerreg na steen=
kool in klousule 1 vermeld, verwys. Dog klousule 2
/gaan

gaan dan voort om te verwys na „en die ander regte
kragtens hierdie ooreenkoms toegeken (hierna gesamentlik
die prospekteerregte genoem) - - -" wat dan op 13 Maart
1974 n aanvang sal neem vir n tydperk van 5 jaar (die
prospekteertydperk genoem) met dien verstande dat
Sasol die reg sal hê om die prospekteerkontrak te eniger
tyd gedurende die prospekteertydperk eensydig te kansel=
leer deur skriftelike kennisgewing van minstens 30 dae
aan die appellant. Waarop slaan die woorde „en die
ander regte kragtens hierdie ooreenkoms toegeken" soos
in klousule 2 gebesig ? Suiwer letterlik geneem, is
hulle wyd genoeg bewoord om in die eerste plek op die

/volgende

volgende regte wat aan Sasol deur die prospekteerkontrak
verleen word, betrek te word :

1. Die regte vermeld in klousule 4 wat aan Sasol toegeken
word gedurende die prospekteertydperk vir die uitoefening
van sy prospekteerbedrywighede tot, in en oor die vermel=
de plaas.
2. Die uitsluitlike reg (opsie) om gedurende die prospek=
teertydperk die steenkoolregte oor die hele vermelde
plaas, of oor 'n bepaalde gedeelte daarvan, teen R80
per morg aan te koop (klousule 5).
3. Die reg om na die uitoefening van die opsie om die
steenkoolregte aan te koop die bevoegdhede uit te oefen

/wat

wat in klousule 7 uiteengesit word behalwe dat die aspekte waarna in klousule 7(a), (d) en (e) verwys word deur latere ooreenkoms tussen die partye gefinaliseer moet word.

4. Die reg van Sasol om ingevolge klousule 9 sy regte onder die prospekteerkontrak te sedeer.

Hierbenewens is daar ook in die prospekteerkontrak regte wat aan die appellant verleen word soos aanspraak op betaling van die prospekteergelde (klousule 3(a)), aanspraak op vergoeding vir skade wat hy ly as gevolg van Sasol se prospekteerbedrywighede gedurende die prospekteertydperk, die bevoegdheid om na verstryking van

/die

die prospekteertydperk boorgate te gebruik wat Sasol gedurende die prospekteertyd geboor het (klousule 12).

Dit is na my mening eintlik onsinnig om al hierdie regte gesamentlik as „prospekteerregte" te bestempel soos klousule 2 aan die hand doen. Dit getuig minstens van ondeurdagtheid asook slordigheid en swak vakmanskap by die opstel van hierdie prospek=teerkontrak. Adv Swart het namens Sasol aan die hand gedoen dat die uitdrukking „en die ander regte kragtens hierdie ooreenkoms toegeken" wat in klousule 2 voorkom slegs na die regte in klousule 4 vervat, verwys en nie na die regte in klousules 5 en 7 vermeld nie.

/Hiermee

Hiermee is ek dit nie heeltemal eens nie. So'n benadering is na my mening te eng. Dat gemelde uitdrukking vertolk moet word om te verwys na Sasol se regte vir prospekteerdoeleindes gedurende die prospekteertydperk is ongetwyfeld so. Na my mening moet gemelde uitdrukking ook vertolk word om te verwys na die verlening van die reg (opsie) aan Sasol om gedurende die prospekteertydperk die steenkoolregte aan te koop (klousule 5). Hierdie verlening van die reg (opsie) aan Sasol om gedurende die prospekteertydperk die steenkoolregte aan te koop (klousule 5) is immers onafskeidbaar aan die reg om na steenkool gedurende die

/prospekteertydperk

prospekteertydperk te prospektee (klousule 1). Hulle is onderling van mekaar afhanklik want sodra Sasol die opsie uitoefen deur die steenkoolregte aan te koop en houer daarvan te word, is hy voortaan in hierdie hoedanigheid bevoeg om te prospektee. Die prospektee-regte wat die prospektee-kontrak aan Sasol verleen, verval dan en die prospektee-tydperk onder die prospektee-kontrak is beeindig. Dit is 'n verdere leemte dat die prospektee-kontrak nie uitdruklik vermeld dat die prospektee-regte verval en die prospektee-termyn beeindig word sodra Sasol die opsie uitoefen om die steenkoolregte aan te koop en houer daarvan te word nie.

/Dit

Dit moet verder in gedagte gehou word dat die prospekterkontrak nie uitdruklik voorsiening maak vir die betaling van „opsiegelde“ soos gewoonlik in prospekterkontrakte aangetref word nie. Die afleiding is dat die partye se waarskynlike bedoeling was dat die „prospekteergelde“ in klousule 3(a) ook die gebruiklike „opsiegelde“ noodwendigerwyse insluit. Ek kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat klousules 1, 2, 3, 4 en 5 van die prospekterkontrak onderling van mekaar afhanklik tydens die prospekteertydperk is. Klousules 7 en 12 daarenteen staan op n ietwat ander basis omdat hulle betrekking

/het

het op die na-prospekteertydperk d.w.s. nadat die prospekteertydperk nie meer geld nie, hetsy deur uitoefening van die opsie om die steenkoolregte aan te koop hetsy deur verstryking van die prospekteertydperk.

Ek het reeds daarop gewys dat die inhoud van klousule 7(a), (d) en (e) onvoltooid is deurdat dit eers deur latere ooreenkoms voltooi en bindend gemaak kan word. In klousule 7(a) is dit die koopprys van die 8 ha grond wat onbepaald is. Hierdie koopprys het geen verband met die prospekteergelde van klousule 3 nie en ook nie met die aankoop van die steenkoolregte

/se

se prys volgens klousule 5 nie. Insgelyks hou die bedrae wat ingevolge klousule 7(d) en (e) betaal moet word geen verband met die prospekteergelde van klousule 3(a) en die prys vir die aankoop van die steenkoolregte volgens klousule 5 nie. Bowendien strek klousule 7 hoofsaaklik in die belang van Sasol. Daar is die verdere aspek dat die partye by die aangaan van die prospekteerkontrak inderdaad beseft het dat die inhoud van klousule 7, wat betrekking het op die toestand na die aankoop van die steenkoolregte deur Sasol, op die oppervlak van gemelde plaas betrekking het en dat daar 'n moontlikheid kon wees dat die appellant

/dan

dan nie meer eienaar van die oppervlak is nie. Dit sou dan noodwendig meebring dat Sasol klousule 7 (a), (d) en (e) deur onderhandeling en ooreenkoms met die nuwe eienaar van die oppervlakregte van die vermelde plaas sou moes voltooi en bindend maak. Na my mening draai daar (anders as wat adv Plewman vir die appellant betoog het) niks om die gebruik van die woord „moet” in die hoofsin van klousule 7 nie. Die inhoud van klousule 7 bevat geen inperkings op of uitbreidings tot die steenkoolregte as sulks nie en derhalwe was daar geen rede waarom daar in Sasol se Sertifikaat van Mineraalregte na aankoop van die

/steeenkoolregte

steenkoolregte^{ook} na die inhoud van klousule 7 verwys

moes word nie. Tereg word daar dan ook in Sasol se

Sertifikaat van Mineraalregte (Aanhangsel "O") geen

melding van klousule 7 gemaak nie.

Ons het derhalwe hier nie te doen met die geval

waar daar meerdere prestasies is waarvoor daar net één

vergoeding beding is nie. Soos ek aangetoon het, is

daar meervoudige vergoeding beding n1

1. prospekteergelde vir beide die reg om te prospekter

en die verlening van die opsie om die steenkoolregte

aan te koop,

2. aankoopprys van die steenkoolregte,

/3. onbepaalde

3. onbepaalde afsonderlike vergoeding vir elkeen van die prestasies in klousule 7(a), (d) en (e) genoem.

Bowendien het die vergoeding vermeld in nrs 1 en 2

betrekking op prestasies tydens die prospekteertydperk

terwyl die vergoeding in nr 3 betrekking het op

prestasies na die prospekteertydperk.

In die lig van die voorgaande is klousule 7

(a), (d) en (e) na my oordeel geensins so onderling

afhanklik van die res van die prospekteerkontrak

dat die prospekteerkontrak ondeelbaar is nie. Anders

gestel, klousule 7(a), (d) en (e) is nie so ineen-

gestrengel met die res van die prospekteerkontrak

/dat

dat die prospekteerkontrak ondeelbaar is nie. Na my oordeel is die prospekteerkontrak wel deelbaar sodat die nietigheid van klousule 7(a), (d) en (e) nie die hele prospekteerkontrak nietig maak nie en die res van die prospekteerkontrak kan wel 'n selfstandige regsgeldige bestaan voer. Hierdie gevolgtrekking is na my oordeel in ooreenstemming met die waarskynlike bedoeling van die partye soos afgelei uit die prospekteerkontrak as 'n geheel. Verder geld hierdie gevolgtrekking ook vir die ander prospekteerkontrak (Aanhangsel "B") wat mutatis mutandis gelykluidend bewoord is.

Ek moet daarop wys dat ek Von Glück,

/Ausführliche

Ausführliche Erläuterung der Pandecten nach Hellfeld

ein Commentar, band 20, 1819, lib 21 tit 1 para 1110

bl 63-66 wat na D 21.1.33 pr,34,35, 38.12 en .14, 39

en 40 verwys, geraadpleeg het. Insgelyks het ek

Voet 21.1.4 en 5 asook Pothier, Verhandeling van

Contracten en andere Verbintenissen (vertaling deur

Van der Linden) 1e deel (1804) para 287-321 geraad=

pleeg maar ek kon niks in die gemenerereg vind

wat noemenswaardige lig werp op die maatstawwe waarmee

die ondeelbaarheid of deelbaarheid van 'n kontrak

op 'n praktiese wyse vasgestel kan word nie. .

/Die

Die resultaat is dat die appèl van die hand
gewys word met koste wat die koste van twee advokate
insluit.

C.P. JOUBERT AR.

SMALBERGER AR)

STEYN Wn AR)

Stem saam.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

GRIFFIER, HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA	
BIBLIOTEK	LIBRARY
1987-09-30	
REGISTRAR, SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA	

In die saak tussen:

ADRIAAN MARTHINUS FRANCOIS DU PLOOY Appellant

en

SASOL BEDRYF (EIENDOMS) BPK Respondent

CORAM : JOUBERT, VILJOEN, VAN HEERDEN, SMALBERGER ARR et STEYN WN AR!

VERHOORDATUM : 27 AUGUSTUS 1987

LEWERINGSDATUM: 30 SEPTEMBER 1987

U I T S P R A A K

VILJOEN, AR

Ek het die uitspraak van Joubert AR gelees.

Met die uitslag stem ek saam, maar in 'n geringe opsig,

wat die/.....

wat die uitleg van die kontrak betref, verskil ek van hom en dit is dat ek nie saamstem dat die woorde "en die ander regte kragtens hierdie ooreenkoms toegeken" in klousule 2 van die kontrak uitgelê moet word om te verwys na die verlening van die opsie aan Sasol om gedurende die prospekteertydperk die steenkoolregte aan te koop nie.

Ek is bewus van die beginsel by uitleg van kontrakte dat die aanhef tot 'n kontrak nie die duidelike bedoeling van die partye in die kontrak self kan beïnvloed nie, (kyk Netherlands Bank of SA v Stern N O and Another 1955(1) SA 667(W) 670 C - 671 B) maar waar die aanhef kan bydra tot helderheid, kan dit wel in ag geneem word. (Kyk Woodburn

Mansions/.....

Mansions (Pty) Ltd v Dowell 1961(3) SA 893 (D) 899

C - E).

’n Oënskynlike onduidelikheid spruit voort uit die woorde "Genoemde prospekteerregte en die ander regte kragtens hierdie ooreenkoms toegeken (hierna gesamentlik die prospekteerregte genoem)" in klousule 2. Die woorde wat deur my onderstreep is, veroorloof ’n uitleg, as daar op hulle alleen gelet word, van die insluiting van alle regte ingevolge die kontrak as geheel toegeken. Na my oordeel, egter, moet daar aan die onderstreepte woorde nie so ’n eng uitleg gegee word nie.

Die aanhef maak ’n duidelike onderskeid tussen die reg om na steenkool te prospekteer en te

soek/.....

soek (waarna ek sal verwys as die eerste groep regte) en die reg en opsie om die eienaar se steenkoolregte in en op die eiendom aan te koop (waarna ek sal verwys as die tweede groep regte). Hierdie onderskeiding word deurgetrek na die inhoud van die kontrak as geheel. Klousule 1 bepaal dat die eienaar aan die prospekterder die enigste en uitsluitlike reg om in en op die eiendom na steenkool te "prospekteer" en te "soek", verleen. Ingevolge klousule 2 neem die "genoemde prospekterregte en ander regte kragtens die ooreenkoms toegeken (hierna gesamentlik die prospekterregte genoem)" h aanvang op 13 Maart 1974 en sal vanaf daardie datum vir h tydperk van vyf jaar voortduur onderworpe aan h reg van kansellasië deur die prospekterder/.....

pekteerder te eniger tyd gedurende die prospekteer-
tydperk. In klousule 3(a) word die vergoeding wat
vir die "prospekteerregte" betaal moet word gedurende
die vyf jaar, genoem. Klousule 4 maak voorsiening
vir sekere regte wat die prospekteerder het gedurende
die "prospekteertydperk." Hierdie regte beoog om die
prospektering te vergemaklik. Hulle staan in ver-
band met die "prospektering" gedurende die tydperk van
vyf jaar. Dit is hierdie regte en hierdie regte alleen
wat die partye na my mening bedoel het om in te sluit
onder die "ander regte" waarna in klousule 2 verwys word.
Die aankoop- of opsierereg word nie hierby ingesluit nie.

Die/.....

Die gelde wat beding is vir die "prospekteerregte" gedurende die vyf jaar is betreklik laag en daar is niks om aan te dui dat hierdie gelde opsiegelde insluit nie.

Die "prospekteerregte" word, kragtens klousule 3(a), toegeken vir 'n periode van vyf jaar. In hierdie tydperk kan alle "prospekteerregte" uitgeoefen word. Sodra die opsie om die steenkoolregte te koop, uitgeoefen word, wat te eniger tyd tydens die vyf jaar kan geskied, word die "prospekteertydperk" en ook die "prospekteerregte" beëindig en word dit vervang deur die tweede groep regte.

Daar kan natuurlik 'n derde groep regte tot stand kom - daardie regte naamlik wat na beraadslaging

met/.....

met die eienaar kan ontstaan, soos byvoorbeeld die aankoop van die oppervlakregte en wat daarmee saamgaan. Voordat 'n ooreenkoms in hierdie verband aangegaan word, sal hierdie bepalinge nie voldoen aan die betrokke vormvereistes nie, maar die drie groepe regte kan afsonderlik van mekaar ontstaan en uitgeoefen word. Die kontrak is, na my oordeel, duidelik deelbaar.

G. M. J. P.
APPELRECHTER